

Pretoriana

MERENSKY BIBLIOTEK
 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
 -3-12-1969 (68)
 Klasnommer 2A. OS (68)
 P. 169/61.



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
 VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
 PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

Nogmaals die Staatsgimnasium

Vir die samestelling van hierdie artikel het ek dankbaar gebruik gemaak van 'n artikel in *Hoofstad*, 27 Mei 1969, deur Felix Calitz, wat op sy beurt baie gegewens van mnr. Herman Rex gekry het. Aan mnr. Rex en mnr. Calitz en *Hoofstad* betuig ek my erkentlikheid.

Soos bekend is die stryd om die ou Staatsgimnasium reeds lank aan die gang. Die gebou word bedreig. Dit moet plek maak vir „vooruitgang”, d.w.s. vir 'n moderne, meer doelmatige gebou. Daarteenoor is bewegings aan die gang om dit as 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar te kry. Die Stigting Simon van der Stel bemoei hom o.a. daarvoor. As hierdie gebou ook 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar word naas die twee ander onderwysgeboue in die stad wat reeds sodanig verklaar is, nl. die Staatsmodelskool en die Ou Lettere-gebou van die Universiteit van Pretoria, dan sal daarmee die *drieluik* voltooi wees. Naas genoemde twee geboue vir laer en vir hoër onderwys onderskeidelik sal dan bykom die vir middelbare onderwys. *Pretoriana* dra graag sy deel by tot die pleidooie wat reeds gelewer is.

Ontwerp deur die departement „Openbare Werke” van die Z.A.R. is die Staatsgimnasium 'n produk van 'n groep Hollandse argitekte wat onder leiding van staatsargitek Sytze Wierda verantwoordelik was vir 'n hele aantal openbare geboue uit die jare negentig van die vorige eeu, waarvan verskeie historiese monumente verklaar is. Ons verwys na argitekte Kraan, Wyers, Vixseboxse en Van Rysse en ons verwys na geboue soos die ou Goewermentsgebou, die Paleis van Justiese, die Staatsmodelskool, die Staatsgimnasium, die Militêre Hoofkwartier in Potgieterstraat, die Staatsdrukkery, die Hoofposkantoor in Rissikstraat, Johannesburg en goewermentsgeboue op Boksburg, Krugersdorp, Rustenburg en Klerksdorp. Genoemde argitekte was deeglik opgelei met 'n aanvoeling vir die kunssinnige soos hulle in genoemde geboue vorm gegee het aan die Neo-Renaissance-boustyl van hulle tyd.


Wierda beskryf die Staatsgimnasium as „geheel naar de eischen des tijds ingericht” en is van mening dat dit „mede tot een der belangrijkste werken (kan) worden gerekend” en „een niet minder belangrijk werk” as die Staatsmodelskool (wat intussen die etiket „historiese gedenkwaardigheid” wel werd geag is). Dr. Mansvelt, Superintendent van Onderwys, het by die opening van die Staatsgimnasium dit bestempel as „een even fraai als doelmatig schoolgebouw”, terwyl G. A. A. Middelberg, direkteur van die N.Z.A.S.M., dit noem „het werkelijk prachtige gebouw in den rijken jongen frissen staat die gelooft aan de verlossing, aan het eeuwige groote heil dat er in kennis ligt zooals oude volken zich dit nauwelijks voor kunnen stellen”.

Middelberg gee 'n beskrywing van die opening wat die hele stemming van die dag na vore bring: „Daar zaten de uitgedoste Volksraadsleden en de

President en dames in kleurige lichte zomerbaatjes . . . Ik was maar tweemaal voor een paar oogenblikken tegenwoordig. De eerste maal stond de lange Rector (dr. H. Reinink) te oreeren, goed voorbereid, het resultaat van de overdenkingen der laatste dagen en misschien nachten. De tweede maal stond daar Kruger bij horten en stooten maar met moeite persend om uiting te geven en vorm aan wat er als vuur in hem brandt . . . ‚Kinderen‘ riep Kruger op eenmaal uit, ‚julle staan zoo ver, kan julle my wel goed verstaan?‘ ‚Ja, ja President‘, klonk het uit al de keelen. ‚Kinderen, wat kom julle hier doen?‘ ‚Wysheid, President, lering President‘, werd gebulderd. En daar stak hij van wal. De wijsheid die rechtvaardigt heet, ‚hoe groter geest, hoe groter beest‘, de wijsheid van de Antichrist, die zegt: er is geen God, of de wijsheid gegrond op Gods geboden? Dan riep hij uit: ‚Meesters . . . pas op de jeug van ons land, denk aan hunne vaderen die op zoo wonderdadige wijze door God geleid zijn‘ en zoo ging hij voort.” (Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg, Hertzog Annale II nr. 1, p. 53).

Dr. J. Ploeger skryf in sy bekende *Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder S. J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)*: „Hierdie gebou is, selfs in sy verminkte vorm, vandag nog een van die mooiste monumente van die onderwys uit die dae van die Republiek”. (p. 314).

Die Staatsgimnasium het reeds in 1893 tot stand gekom met 23 leerlinge en vyf dosente, nl. dr. H. Reinink (rektor), dr. H. G. Breyer (Wetenskap), J. Bergmans (Nederlands en klassieke Tale), W. A. Macfadyen (Engels en Logika) en W. Louis (Wiskunde). By die opening van die nuwe gebou was daar 85 leerlinge oor sewe klasse verdeel en heelwat meer dosente. In die meer praktiese vakke vind ons name soos die van argitek Hollenbach (Lyn-



Die Staatsgimnasium soos dit oorspronklik daar uitgesien het.

tekene), Anton van Wouw en Hondius (Tekene) en Van Tijen (Snelskrif). In sekere opsig kan dit beskou word as die grondslag vir die latere opleiding in argitektuur, kundsonderrig en handel respektiewelik. Belangrik is dit om daarop te wys dat die Transvaalse Universiteitskollege in sy beginjare, van 1909 tot 1912, in die boonste verdieping van die Staatsgimnasium gehuisves was en dat die gebou, wat oorspronklik bedoel was as voorbereiding tot die universiteit, ook langs hierdie weg verband hou met die universitêre studie in Transvaal.

Dr. Ploeger wys daarop dat die opleiding aan die Staatsgimnasium van hoogstaande gehalte moes gewees het want 'n aantal van die afgestudeerdes het sonder probleme hulle studie in Europa kon voorsit, o.a. W. E. Blok en J. S. Smit in die Regte en G. B. Fortuyn in die Medisyne, al drie in Nederland, en R. Middelberg in die Ingenieurswese in Switserland. „Na jare van gesukkel en moeisame arbeid”, skryf dr. Ploeger, „was die doel bereik: Transvaal het sy eerste studente, opgelei op vaderlandse grond en in Christelik-nasionale gees, as verteenwoordiger van 'n jong, energieke volk na die akademies van Europa gestuur”. Drie van die skool se dosente het later met onderskeiding leerstoel aan universitêre inrigtings bekleed n.l. dr. H. G. Breyer aan die Witwatersrand en dr. H. Reinink en dr. W. A. Macfadyen in Pretoria.

In September 1899 het 57 van die 116 leerlinge, wat die skool toe getel het, die tydelike sluiting van die inrigting gevra sodat hulle by die kommando's kon gaan aansluit. Op 3 Oktober daardie jaar is dit finaal gesluit. Op 1 Maart 1900 is aan die volgende leerlinge eindiplomas toegeken sonder dat hulle eksamen afgelê het (slegs op grond van hulle skoolprestasie): L. R. Middelberg, J. H. Gey van Pittius, G. L. G. Begemans, P. van Drimmelen, A. Schulenburg en Th. E. Weavind.

Die Staatsgimnasium beslaan 34 kamers en sale van verskillende groottes, wat natuurlik ook na dit as historiese gedenkwaardigheid verklaar is vir verskillende doeleindes gebruik kan word. Daar word soms die argument gehoor dat die gebou vanuit argitektoniese oogpunt gesien bewaring nie regverdig nie. As antwoord hierop moet daarop gewys word dat dit verkeerd sal wees om die gebou te beoordeel volgens sy huidige voorkoms. 'n Foto van hoe dit oorspronklik daaruit gesien het, toon 'n bouwerk mer veel meer „karakter” as die huidige. Dit is intussen inderdaad „vermink” soos dr. Ploeger dit stel. Onder andere het die versierings op die dak, eie aan die boustyl, intussen verdwyn. Dit sal nodig wees om die gebou in sy oorspronklike voorkoms te herstel en dan sal Pretoria inderdaad trots daarop kan wees.

Die Staatsgimnasium kan gesien word as simbool en as tasbare bewys van die drang na kennis wat by 'n jong pioniersvolk aanwesig was; iets wat so 'n geweldige rol gespeel het in die ontplooiing van ons volkslewe. Ons sal veel armer wees as wat oppervlakkig beseft kan word, as hierdie gebou verdwyn.

F. J. du T. Spies

Two Interesting Facts about the Old Government Building

In the as yet unpublished Memoires of the late Mr. C. A. Cilliers, at one time secretary of the Department of Public Works, we find the following interesting information about the Old Government Building:

“Reference to the old Raadsaal reminds me of a few interesting personal experiences in connection with this wonderful old building. Not only did I commence my Service career in this famous building but when I asked, after retirement on pension, to accept the Chairmanship of a Committee to enquire into the teaching profession, we commenced our labours in this building. What is more, we sat in the room in which I started more than thirty eight years before. If it can be called that — I commenced my second career in the same room.

For some forty years there was a beautiful chandelier in the Council Chamber of this old building. The origin of the chandelier was no less a place than the historic Castle at Cape Town. During a visit to the Cape the late Dr. F. V. Engelenburg, Editor of “Die Volkstem”, became interested in the Castle and its contents, encouraged no doubt by his aunt, Mrs. Koopmans de Wet. He discovered that when the British garrison decided to instal electric lighting in the Castle, two beautiful chandeliers were removed and sold. A diligent search through Cape Town was rewarded by finding these historic relics in a furniture dealer’s loft. Engelenburg promptly bought them and brought them to Pretoria. He presented one to President Kruger and this was installed in the Council Chamber. He retained the other one and installed it in a residence which he had built.

At his death Engelenburg bequeathed his house to the Union Government — this is now the Engelenburg Museum in the western portion of the Union Buildings grounds. I then helped to return the two chandeliers to Cape Town and am proud to think that they once again adorn the Castle.

Another interesting relic in the Raadsaal is the clock in the tower. I believe it is the only clock in South Africa which strikes in Afrikaans. At the half-hour it gives the appropriate signal and then proceeds to strike the hour. In other words, when it gives the half hour signal at half past nine it goes on to strike ten times, the Afrikaans version for half past nine being “half tien”.

In my P.W.D. days an official of the Inland Revenue Department, whose hobby was clocks, came to see me about the Raadsaal clock. He had somehow managed to get into the clock tower just to see how the clock worked. He told me that one of the clock’s strikers had been tied by means of a piece of wire and asked me why this had been done. I felt like saying: “Search me”, but consulted Duncan Livingstone, our oldest Clerk of Works,

and came across a most interesting bit of history. It appeared that during the occupation of Pretoria in 1900-02 Rudyard Kipling came to visit Lord Roberts. Kipling put up at the Grand Hotel (the site of the present-day Standard Bank) next door to the Raadsaal. After his first night at the hotel he complained bitterly to Lord Roberts that the constant striking of a clock had grievously disturbed his night's rest. Prompt, rough-and-ready, military action was taken to ameliorate the lot of the distinguished visitor. This action consisted of fastening the half-hour striker by means of a length of wire. When I became aware of the facts I immediately arranged to have the wire removed and after a lapse of some forty years Pretoria once more heard the old clock striking the half hours. Apart from restoring to the old clock its full liberty I was satisfied that nobody would lose any sleep as a result thereof because there now is no residential accomodation adjacent to Church Square”.

Editor

"Kunsvriende in Suid-Afrika"

(Gedeelte van 'n toespraak deur Sy Edele Regter J. F. Marais, gelewer op Donderdag, 22 Mei 1969 by die Pretoriase Kunsmuseum as deel van die Vereniging van Vriende van die Kunsmuseum se „Kunsweek”, by geleentheid van die Museum se vyfde verjaarsdag. Aangesien dit ook die siening van die Genootskap Oud-Pretoria vertolk, neem ons dit graag in ons blad op.—Red.)

Vanaand dink ek moet ons 'n kort oënskoulike blik neem oor die kunste in Suid-Afrika, veral oor die beeldende kunste en onself afvra wat daar nog skort, indien daar iets skort, en so ja, wat ons kan doen om daardie tekortkominge aan te vul en te verhelp. Ek dink ons moet Pretoria neem as 'n uitgangspunt, as ons 'n „voëloogblik” van die beeldende kunste in Suid-Afrika neem. Pretoria is besonder welbedeeld en kan homself gelukkig ag oor fasiliteite wat min ander stede, indien enige, in Suid-Afrika met hom kan deel. Ons het die Kunsmuseum hier, 'n skepping van die Stadsraad van Pretoria. U sal opmerk dat ek beklemtoon dat dit die Stadsraad is, want nog die Provinsie, nog die Sentrale Regering dra by tot die instandhouding van hierdie gebou, van sy inhoud en vir die aankope wat daar daaglik of jaarliks plaasvind. Dit is 'n instelling wat suiwer deur die belastingbetalers van die Stad Pretoria behartig word. Ons het in Pretoria 'n kunsskool verbonde aan die Kollege vir Geworderde Tegniese opleiding, 'n uitstekende skool wat 'n groot reputasie het en wat baie goeie werk doen. Ons het 'n kunsdepartement aan die Universiteit van Pretoria, ons het 'n kunsdepartement aan die Universiteit van Suid-Afrika, ons het etlike hoërskole wat kuns doseer as 'n vak vir matriek. Ons het gesetel in Pretoria die

Departement van Kultuursake, en ons het ook in Pretoria die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging se kunslokaal vir Noord-Transvaal. Al hierdie inrigtings maak van Pretoria, wat die beeldende kunste betref, 'n leidende sentrum, en ons kan met trots daarop wys dat beide die onderrig wat hier plaasvind ten opsigte van die beeldende kunste sowel as die bevordering van die beeldende kunste in die sin dat ons kunstenaars se werk hier verkoop, en derdens dat ons die publiek 'n geleentheid gee om kennis te maak met die kunswerke, beide van die verlede en die hede, — dat ons in daardie opsigte 'n leidende rol in Suid-Afrika speel.

Ons hoef net na Johannesburg oor te verskuif dan sal u sien dat die posisie daar aansienlik anders is. In Johannesburg het ons wel 'n half-dosyn handelslokale maar ons het geen kunslokaal wat spesiaal daarop bereken is, soos die een op Kerkplein in Pretoria, om die kunstenaars se belange te bevorder nie. 'n Handelskunslokaal is effens anders as 'n vrywillige organisasie se kunslokaal en die rede is voor die handliggend. In die een geval is wins die motief daarvoor en in die ander geval is daar geen winsmotief hoegenaamd nie. In die afgelope jaar, 1968, het die S.A. Kunsvereniging se kunslokaal in Pretoria 'n afset gehad van R59,000 aan oorspronklike kunswerke, seker 'n rekord in Suid-Afrika. Daardie omset is moontlik gemaak deur die geweldige ondersteuning wat daar van die publiek ontvang is, maar dit is ook moontlik gemaak deur ander omstandighede. So byvoorbeeld bied die Kunsvereniging uitstallings aan kunstenaars teen 'n laer tarief en beter voorwaardes as wat 'n handelslokaal dit ooit kan doen, want die handelslokaal kan natuurlik nie staat maak op ledegelde, bydraes van goedgesinde mense, ens. nie, terwyl die Kunsvereniging dit wel kan doen en daarom beter voorwaardes kan aanbied aan kunstenaars as wat die kommersiële kunslokale kan doen. Nou bestaan daar wel ses of meer kunslokale in Johannesburg, maar almal van kommersiële aard en die Kunsvereniging in Johannesburg het geen kunslokaal hoegenaamd nie, met ander woorde, as 'n kunstenaar wat nie maklik sy werk kan verkoop nie, dit wil sê as hy bietjie modern is of eksperimenteel van aard is, sy werke wil uitstal in Johannesburg dan het hy nêrens waarheen om te gaan nie. Want dit is die taak van die Kunsvereniging om dergelyke mense, belowende talent, om dié onder sy beskerming te neem en te bevorder. As daar 'n kunstenaar is wat 'n uitstalling wil hou in Bloemfontein, dan is daar geen lokaal wat naasteby geskik is vir die doel nie. Elke jaar, wanneer daar 'n uitstalling plaasvind, dan moet daar geskarrel word met skerms, met spesiale beligting in een of ander saal. Kimberley het wel 'n Kunsmuseum, maar geen kunslokaal waar uitstallings kan plaasvind nie en dieselfde geld vir Pietermaritzburg en Durban en ook vir Oos-Londen, en selfs in Kaapstad is daar op die oomblik geen kunslokaal waar die S.A. Kunsvereniging sy uitstallings kan hou nie.

Ten spyte dus, dames en here, van die feit dat ons baie het om tevrede te wees en om trots op te wees, is daar tog nog 'n aansienlike tekortkoming in Suid-Afrika wat hierdie bepaalde fasiliteite betref. Een van die dinge wat ek

vanaand ten sterkste wil propageer is middele waardeur kunslokale verskaf kan word in die verskillende groter sentra in Suid-Afrika, benewens Pretoria, waar kunstenaars teen redelike tariewe en onder billike omstandighede hulle kunswerke kan uitstal — ook indien daar geen werklike aanvraag van 'n kommersiële aard daarvoor is nie.

Ons praat van „kunsvriende” en miskien moet ek in die verbygaan sê wat ek bedoel as ek praat van „kunsvriende”. Ek bedoel u en ek, mense wat nie self skilder of beeldhouwerk doen, of grafiese kunstenaars is nie, maar wat met liefde besiel is jeens die kunstenaars, jeens die skone kunste en wat bereid is om tyd, aandag en geld op te offer ter wille van die bevordering van die skone kunste. Dié is „kunsvriende” van Suid-Afrika. Dit sluit ook mense in wat oor die nodige middele beskik om werke aan te koop en om opdragte te gee aan kunstenaars. Maar dit sluit nie die kunstenaars self in nie. Ons kan nie van die skeppende kunstenaar verwag dat hy aandag moet skenk aan organisatoriese probleme en die ontwikkeling van die afsetgebiede vir sy en ander kunswerke nie, ons moet hom ook toelaat om sy eie werk op sy eie manier te doen en om hom nie daarin te steur nie. Ons moet daardie werk van sy skouers afneem en dit vir hom doen. Kunsvriende in Suid-Afrika kan natuurlik baie doen, daarby kom ek ook later.

Maar voordat ek meer in die besonderhede tree wil ek graag stilstaan by wat elkeen van die owerheidsliggame vir ons doen. Ons begin by die laagste vlak, dit is die plaaslike besture. Johannesburg het wel 'n pragtige Kunsmuseum met 'n baie groot en kosbare versameling, beide van internasionale en Suid-Afrikaanse kuns, maar soos reeds gesê, vir die moderne kunstenaar, die beginner, die belowende, talentvolle jongman, wat die kunste beoefen, is daar in Johannesburg geen moontlikheid om uit te stal sonder om geweldig baie geldelike verliese daarby in te boet nie. 'n Mens sou verwag dat 'n liggaam soos die Stadsraad van Johannesburg in staat sou wees om 'n kunslokaal beskikbaar te stel vir 'n vrywillige organisasie soos die Kunsvereniging om op ander maniere ook fasiliteite beskikbaar te stel vir die behoorlike vertoning en bekendstelling van kunswerke. En nou sal u dadelik vir my vra, waarom is dit nodig dat kunstenaars op so 'n groot skaal hulle werke moet uitstal, is dit net om hulleself te verryk, of is dit ook om 'n ander en beter en hoër doel? Die kunswêreld bestaan nie uit die kunstenaar alleen nie. Kuns kan in die allerbeste en ruimste vorm wat hy tevoorskyn tree nie veel uitrig ter verryking van die mens se gees, tensy hy in 'n openbare klimaat te voorskyn kom waar hy kan welig groei en waar hy kan ingang vind en wortel skiet nie. Dit is absoluut noodsaaklik dat die kunstenaars omring moet wees van kunsvriende, dit wil sê, mense wat belangstel in die kunste, wat simpatiek staan teenoor die werk, die arbeid en die geesdrif van die kunstenaar, wat geleidelik 'n mate van kennis, goeie smaak, ontwikkeling van insig bekom, ten einde vir die kunstenaars dit moontlik maak om te skep. Ek glo nie dat 'n kunstenaar in 'n lugleë ruimte kan werk nie. Ek glo dat die kuns alleen kan bloei en dat die

kunstenaars alleen hulle allerbeste werk kan lewer, indien hulle omring is van mense wat hulle aanvoel as hulle vriende. Dit is dus van die grootste belang in die bevordering van die beeldende kunste in Suid-Afrika dat ons 'n kennerspubliek opvoed, dat ons soveel mense kry van die gewone publiek om intelligent belang te stel, want dit is alleen op daardie manier dat die kunstenaars en die kuns in die algemeen aangemoedig kan word tot opbloeï.

En nou sal u my vra maar wat basies gesien is eintlik die nut daarvan. Wat baat dit Suid-Afrika aangesien hy industrieel en op alle sektore so sterk bloei, so vinnig vooruitgaan en ontwikkel, waarom is dit nodig dat ons soveel aksent lê op die kunste, veral die beeldende kunste. Die antwoord daarop is 'n antwoord wat alleen die geskiedenis eintlik kan gee. 'n Land se bestaansreg, 'n volk se plek in die geskiedenis van die wêreld word nie bepaal deur die aantal motorwrakke wat opgegaan lê op sy vlaktes nie, maar word bepaal, in die lange duur, in die terminologie van die geskiedenis, deur die skone kunste wat hy tot stand gebring het. Daar is beskawings wat heengegaan het, wat glorieryke oorloë geveg en gewen het, maar waarvan ons heel weinig weet en waarin ons omtrent nie belangstel nie, maar daardie beskawings het kunswerke nagelaat, 'n gees en 'n atmosfeer wat nou nog weer herwin kan word, wat vir ons die glorie, die grootsheid van daardie beskawings, tuisbring. Suid-Afrika sal as aparte nasie al lankal opgehou het om te bestaan, dan sal die mense ons nog beoordeel, nie volgens ons geskiedenis in 'n politieke sin nie, mar volgens die geestelike rykdom, die geestelike besit wat ons gehad het terwyl ons bestaan het. Dit is in die raamwerk van die geskiedenis wat ons praat wanneer ons praat van die skone kunste. Daarom sê ek is dit belangrik vir u en vir my en vir die toekoms van hierdie land dat elkeen van ons probeer om die kunste te bevorder, dat ons geen talent wat daar moontlik in ons midde mag wees onontwikkeld laat as gevolg van gebrek aan belangstelling of as gevolg van gebrek aan geleentheid nie. Want deur dit te doen, deur die skone kunste te bevorder, dra elkeen van ons by tot die geskiedenis van die land en van sodanige glorie en grootsheid as wat vir ons in die geskiedenis beskore mag wees.

En nou om terug te keer na Johannesburg. Wanneer ons al die rykdom van daardie stad sien, en al die moontlikhede wat daardeur geskep kan word vir die bevordering van die kunste, dan is ons tog ongetwyfeld 'n bietjie teleurgesteld dat inderdaad nie meer gedoen word nie. 'n Stad soos Johannesburg (so ook Pretoria) kan natuurlik sê dat hierdie bepaalde taak, hierdie bepaalde plig om die skone kunste te bevorder, nie soseer tuishoort by hom nie as sê maar, by die provinsiale owerhede of die sentrale regering nie. Daar is seker waarheid daarin, maar as ons as kunsvriende sou toelaat dat dit die skuifmeel gaan wees waardeur die een sy verantwoordelikeid oorskuif op 'n ander, waar die een 'n dekmantel gebruik om sy verpligtinge te ontduik, dat 'n ander die verantwoordelikeid eintlik moet hê, daar is dit ons taak as kunsvriende wat weet wat ons wil, om druk uit te oefen op daardie owerhede en hulle te dwing tot sodanige bydrae as wat ons dink

minstens noodsaaklik is. Die prentjie wat dit betref is dwarsdeur die eeue ongunstig. Sommige mense stel die kunsvriende op 1% van die publiek, ek dink dit is baie minder as 1%, dit is 'n baie geringer persentasie. Dit is nie die toets nie, die toets is die kwaliteit van ons geesdrif en die krag van ons insig en bevordering en geesdrif vir hierdie saak.

Die sentrale regering het sopas 'n belangrike stap geneem, en dit is die skepping van 'n Departement van Kultuursake. Dit is 'n afdeling van die Staatsdiens wat hom uitsluitend sal toelê op die ontwikkeling en bevordering van die skone kunste in Suid-Afrika. Uitvoerende en ander kunste. Daar is heeltmal 'n aparte Departement geskep, en ons is oortuig daarvan dat die tyd nou aangebreek het, aangesien die regering tot sover gegaan het, vir 'n baie meer verligte, ontwikkelde, moderne uitkyk op die kwessie van die bevordering van die beeldende kunste. Die verwyrt word dikwels gemaak dat die regering aan ander kunste meer bestee as aan die beeldende kunste. Dit is nie heeltmal waar nie, want die regering is verantwoordelik vir drie kunsmuseums, die S.A. Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad, die William Humphreysmuseum in Kimberley en die Max Michaelis-versameling op Groentemarkplein in Kaapstad. Ook vir die onderhoud daarvan, die aankoop van nuwe werke, die betaling van salarisse en al die dinge wat daarmee saamgaan, dié beloop etlike honderde duisende rand per jaar. Maar die bedrag wat die regering bydra tot die uitvoerende kunste, dit wil sê, opera, die toneel, die ballet en die simfonie-konserter, dié is meer nog as wat daardie bedrag is. Nogtans is dit 'n aansienlike bedrag wat bygedra moet word deur die Departement van Kultuursake ten opsigte van hierdie drie inrigtings wat hy in stand hou.

Die Departement van Kultuursake skep ook die moontlikheid vir uitstallings op die platteland. As daar uitstallings georganiseer word op die platteland, waar drie of meer sentra besoek word deur so 'n uitstalling, dan betaal die regering 80% van die koste wat in verband daarmee staan. Dit is 'n baie aansienlike bedrag wat hulle beskikbaar stel vir die verspreiding van kennis en geleentheid ook in die platteland. Die kwessie van die Raad vir die Beeldende Kunste. 'n Jaar gelede het die Minister van Kultuursake 'n raad, die Nasionale Raad vir die Beeldende Kunste ingestel maar ongelukkig was die Raad tot dusver nie, myns insiens, 'n besondere klinkende sukses nie. Deels is dit te wyte daaraan dat dit slegs 'n adviserende liggaam is. Met ander woorde, die Raad maak aanbevelings by die Departement Kultuursake en as die Minister, of hoër amptenare nie daarmee genoë neem nie, dan kan die aanbeveling in die wind geslaan word, en kan die lede van so 'n Raad gefrustreerd voel omdat hulle advies nie aanvaar word nie. Die Raad beskik ook oor geen bepaalde fondse nie, die Raad kan alleen gelde bestee ad hoc toegestaan deur die Departement, behalwe in die geval waar hulle 'n toelae maak aan die S.A. Kunsvereniging. Die Raad het na my mening nog nie tot volle bloei, tot volle ontplooiing en ontwikkeling gekom nie wat hom 'n magsfaktor op die gebied van die beeldende kunste in Suid-Afrika kan maak nie.

The "Statue" on Top of the Old Government Building

The figure of a woman on top of the dome of the Old Government building on Church Square has attracted attention from time to time and speculations has been made as to its symbolical meaning. In a book *The Staff work of the Anglo Boer War 1899-1901* by Lady Briggs (London, 1901) the following interesting anecdote is found on page 386:

"The Raadzaal was erected from designs by Mr. Wierda, the Government architect, at a cost of £138,000. In connection with it the following incident may be mentioned as illustrative of the workings of the Boer mind. At the first quarterly Church gathering for the Nachتماال after the erection of the gold statue representing "Liberty" which surmounts the entrance, the burghers with their families, who had come from long distances in the country in their wagons, were drawn up with their teams of oxen in the square. Many of them were seen to be looking at the top of the new buildings with great dissatisfaction. Scowlings and mutterings with angry gestures denoted their hostile attitude. But what was the trouble? The Executive Council of the Volksraad and Mr. Kruger were soon informed of their grievance by petition. The burghers begged that the woman's figure on the top of the new Raadzaal might be removed, for it can only be intended for Queen Victoria or the Virgin Mary, and both were equally objectionable.

The Executive Council tried to explain to the petitioners that it was only a symbolical statue, and was neither intended to represent Queen Victoria nor the Virgin Mary; it was but an imaginary figure of "Liberty". The burghers, however, shook their heads and would not believe. They remained fixed in their opinions, and, but for the war, the beautiful statue of the new Raadzaal would ere this have been removed from its elevated position".

Whether there is any truth in this story is difficult to ascertain at this stage.

F. J. du T. Spies.

Die Straatname van die Pretoriase Voorstad Danville

(Vervolg op PRETORIANA Nr. 58, Desember 1968)

BREWIS-STRAAT is vernoem na J. D. (Hansie) Brewis, wat tans nog in Pretoria werksaam en woonagtig is.

Hy is gebore op 15 Junie 1920 te Oudtshoorn. Gaan skool aan die Oudtshoornhoërskool tot St. VIII, toe verder aan die Langenhoven-handelskool. Voordat hy egter die Handelsmatriek in November 1939 kon skryf, tree hy in Augustus van daardie jaar toe tot die Polisie diens. Is nog al die jare in Pretoria werksaam. Het begin werk in die Polisie depot (tans die Polisiekollege genoem). In die huwelik bevestig met 'n nooie Priscilla Wilcocks van Bloemfontein net ná 'n Curriebekerwedstryd op Loftus op Saterdag, 28 September 1946. Oor dié buitengewone troudag skryf R. K. Stent ¹⁾ die volgende: „The day that Brewis remembers best in his rugby career was one in *September* of 1946. He had fixed it for his wedding day when the announcement was made that it would also be the occasion for the Currie Cup final at Loftus Versveld ground, Pretoria, between Northern Transvaal (his centre) and Western Province. He decided to do both things — play and then get married.

Northern Transvaal won, helped by a dropped goal from his boot; but hero Brewis quickly excused himself and shot away with his bride-to-be . . . and it was as Mr. and Mrs. Brewis that they joined in the celebrations which followed Northern Transvaal's first winning of South Africa's premier rugby trophy”.

Brewis dra die Springbokkleure teen die All Blacks in S.A. (1949), teen die Britse Leeus oorsee (1951/2) en teen die Wallabies in S.A. (1953).

Van die oorsee se toer skryf Stent ¹⁾ verder die volgende:

„J. D. (Hannes) Brewis was the rugby brains of the party and is now established as the best strategist the game has known in S.A. since Bennie Osler”.

Oor die dieselfde toer meld Craven ²⁾ die volgende:

„Hannes Brewis het 'n Suid-Afrikaanse, en moontlik 'n wêreldrekord opgestel, deur in die 4de agtereenvolgende internasionale wedstryd waarin hy gespeel het, 'n skepdoel te behaal, nl. die laaste internasionale wedstryd teen die 1949-All Blacks in Port Elizabeth (17 September 1949), die 1ste internasionale wedstryd teen Skotland te Murrayfield (24 November 1951) en daarna teen Ierland op Dublin (8 Desember 1951). Dit het sy skepdoele in internasionale wedstryde op vyf te staan gebring — ook 'n Suid-Afrikaanse rekord.”

Thomas ³⁾ weer skryf die volgende:

„A happy fellow Brewis, now police warrant-officer at Pretoria . . .

regards his tour to the British Isles (1951/52) as the highlight of his career".

BRONNE: (1) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks 1951-1952*.

(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby) 1889-1964*.

(3) THOMAS, J. B. G.: *Great Contemporary Players*.

Ook: *Rugby in Suid-Afrika*. Uitgegee deur Johnston & Neville ten behoeve van Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

Persoonlike telefoononderhoud met mnr. Brewis op 18.7.1967.

DIETLOFSTRAAT is vernoem na Dietlof Siegfried Maré. Hy was 'n seun van Wynand W. Maré en is op 2 Julie 1885 te Pretoria gebore. Hy het in 1898 voetbal begin speel op Wellington waar hy skoolgegaan het. Op Stellenbosch het hy vir die Victoria-kollege se eerste span gespeel in 1903, in watter jaar hy ook teen die Britte gespeel het wat in S.A., kom toer het.

In 1904 keer hy na Pretoria terug, speel aldaar vir die eerste span, verteenwoordig Transvaal in daardie jaar in die Curriebekertoernooi en maak die 1906-toer na Brittanje as „Springbok” mee. „Dit dien vermelding dat Pretoria se eerste twee Springbokke na die Anglo-Boere-oorlog Dietlof Maré (Pretoria-rugbyklub) en Hubert Botha-Reid (Harlekyne) was”.¹⁾

Dietlof het sy kamermaat op Stellenbosch, Bob Loubser, by Oubaas Mark aanbeveel as maat vir Japie Krige. Net soos Bob, was ook Dietlof deur die „Oubaas” gesool as hy sy stelskoppe verbrou.

Op die 1906-toer het Dietlof teen Frankryk nie minder nie as twee drieë aangeteken en agt verryfskoppe oorgeskop. „As dit as 'n toets beskou was, sou dit vandag nog 'n rekord gewees het. Maar Maré het in 'n ander opsig tog naam gemaak: hy gaan oor as skakel en speel voor teen Skotland. Ook is hy die eerste Suid-Afrikaner om ooit 'n boek oor rugby te skryf, hierin gehelp deur sy vriend en meester”.²⁾

Te Pretoria het Dietlof gewerk by die prokureursfirma De Villiers & De Kock; hy is op 14 Oktober 1913 oorlede en lê in die Pretoriase Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, begrawe.

Selfs oorsee is daar hulde aan Dietlof gebring by sy afsterwe:

„Mr. Dietlof Maré
'Morning Post' Tribute
[From our own correspondent]

London, Friday. 'The Morning Post' referring to the death of Mr. Dietlof Maré at Piet Retief, says: 'Unionists will hear with regret of this loss to South African football, particularly of a member of one of the most chivalrous and most sporting sides which has ever played football in this country'.³⁾

BRONNE: (1) *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria* — Uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria, 1955, bl. 239.

(2) CRAVEN, dr. D. *Oubaas Mark*, Julie 1959, bl. 141.

(3) *The Star*, Friday, October 17, 1913.

Ook: *South African Who's Who* — Second Issue, p. 263.



Grafsteen van Dietlof Siegfried Maré en sy twee broers.

DOBBINSTRAAT heet na F. J. („Uncle”) Dobbin wat op 10 Oktober 1878 gebore is, sy skoolonderrig aan die Kimberley High School ontvang. as bouinspekteur vir die Kimberleyse Stadsraad gewerk het en in die West End Cemetery, Kimberley, begrawe lê, nadat hy aldaar op 7 Februarie 1950 oorlede is.

Uncle Dobbin was in 1906 en in 1912 Springbok — teen die Britse toerspan in Suid-Afrika in 1903 en 1910 het hy ook gespeel — hy was die Griekwalandse skakel wat reeds in 1896 Suid-Afrika se uithalerskakel was. Die „Uncle” het naderhand „Oupa” geword, maar wat aanhou speel het, was hy — het die kroon gespan toe hy en sy seun naderhand saam gespeel het, iets wat bra min in rugbygeskiedenis gebeur.

’n Foto waarop onder andere ook F. J. Dobbin verskyn, het die volgende onderskrif: „This Springbok Team achieved one of the greatest performances in S.A. rugby history by defeating Wales 11 : 0 at Swansea in 1906”.¹⁾

Op die S.A. Toer na Brittanje in 1912, onder kapteinskap van Billy Millar, was Dobbin die onderkaptein. Hy en Millar en Dougie (D. F. T.) Morkel was aldie lede van die 1906-span van Paul Roos.

In 1924 was Dobbin een van die Suid-Afrikaanse keurders. Herbert Waddell, lid van die Britse span vertel hieroor o.a. die volgende: „Ons sal nooit die S.A. keurders vergeet wat byna die hele toer met ons saam rondgereis het nie — Bill Schreiner, Sport Pienaar, „Uncle” Dobbin, George Devenish en Markotter — groot manne, en ons het van hulle almal werklik baie gehou”.²⁾

In Kimberley het „Uncle” Dobbin in ’n huis genaamd ‚Rugby’ gewoon aan Roperstraat. „By chance Roper Street has jacarandas planted by Mr. Jamieson of Pretoria fame”.³⁾

BRONNE: (1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.

(2) *Rugby in South Afrika*. Uitgegee deur Johnston & Neville ten behoeve van Die S.A. Rugbyraad.

(3) Brief van Skakelbeampte, Kimberleyse Stadsraad: 25.7.1967. *Ook: Yskor Nuus*, Julie 1955, bl. 55.

HAHNSTRAAT heet na C. H. Hahn. Hudie Hahn soos hy in sy Springbokdae bekend was, het teen die Britse toerspan in die laaste toets op 3 September 1910 op Nuweland in die Springbokspan gespeel wat Smyth se span met 21 : 5 geklop het. Hy was toe een van die jongeres.

Later het hy sy land ook op ’n ander terrein as rugby gedien:

Both his father and grandfather were missionaries, the former being one of the first white men to enter Ovamboland.

... in the early days of his commissionership he earned his Native name of *shongola* (the whip). During a period of drought he was in charge of the distribution of food and seeing a Native man run off with a woman’s bowl of grain, he chased him, brought him down with a hard tackle (having been an international footballer in earlier years), and hammered him well.

The next time anybody was rash enough to try the same trick, Major Hahn was ready with a sjambok and a good thrashing amid applauding cries of 'Shongola, shongola!'.¹⁾

Major C. H. L. Hahn, the Union's Native Commissioner in Ovamboland from 1920-1947, died at Grootfontein on 27 September (1948) at the age of 61. He was described by Lord Harlech, who visited this vast area in the north of South West Africa in 1944, as 'one of the ablest Native Administrators in the whole of Africa', Major Hahn was an acknowledged authority on South-West African tribes and as fluent a Native linguist as any of the Ovambos themselves — was a member of the Union delegation to U.N. in 1946 and 1947 . . .

He was the grandson of Dr. Hahn, a leading missionary in the middle of the last century . . ."²⁾

BRONNE: (1) *The South African Outlook*, Nov. 1, 1948, p. 163.

(2) *African Affairs* 48: 74, Jan. 1949. Obituary.

Ook: CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.

HEATLIESTRAAT is vernoem na Barry Heatlie. Hy was een van die merkwaardigste rugbyspelers wat Suid-Afrika ooit geken het. Sy byname „Fairy” of „Ox” dui twee uiterstes aan wat dieselfde gedagte uitgespreek het: tamaai groot van postuur.

„Fairy” is te Worcester, K.P., in 1872 gebore as een van 9 seuns van Eerw. T. T. Heatlie van Glen Heatlie. Sewe van die Heatlie-broers het diep spore op die pad van die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis getrap. Op Worcester het drie van hulle, Charlie wat later L.V. was, Noble en Sydney, tesame 21 jaar lank die seniorspan aldaar op die rugbyveld gelei. Die sewe broers het altesame 123 jaar lank rugby gespeel — Barry het 26 jaar lank die spel aktief gevolg.

Aan die Diocesan College in Kaapstad het Barry Heatlie sy rugby geleer van twee bekende lede van die Villagersklub, H. H. Castens en Alf Richards.

Na sy skooljare was hy beurtelings kaptein van Villagers en Gardens, en van W.P. wat hy 11 jaar lank aangevoer het, het hy reeds kaptein geword toe hy nog 'n skoolseun was.

Hy het vir Suid-Afrika teen die Britte gespeel in 1891 (toe hy op 19 jarige leeftyd 208 lb. swaar was), 1896 en 1903 — ses maal altesame en by dié twee wedstryde waarin hy kaptein was, het Suid-Afrika toevallig die oorwinning behaal.

Die eerste S.A. keurders oor wie se name ons beskik was B. H. Heatlie, Percy Jones en Biddy Anderson wat die span gekies het vir die laaste internasionale wedstryd op 12 September 1903, Nuweland. Heatlie het self hierdie S.A. span (wat oor poele water heen op die veld moes draf) aangevoer; en dié span het toe vir Suid-Afrika die eerste toetsrubber gewen teen Morrison se Britse span.

Vir die tweede keer in ons geskiedenis (in 1903) het Suid-Afrika in groen truie gespeel. Fairy Heatlie het die kleure van sy eertyds klub, Oud-Dio-

cesans, vir sy span gebruik. In hierdie truie het Suid-Afrika vir die eerste keer in ons geskiedenis 'n internasionale reeks gewen, d.w.s. hierdie een van 1903.

Omstandighede het Heatlie later verplig om na Argentinië te gaan waar hy rugby „ingevoer” het en nog self gespeel het tot in 1915 toe hy op 43jarige leeftyd sy laaste wedstryd gespeel het.

Mr. Mark het vir Fairy as die grootste rugby-kenner van die vroeëre jare beskou en het hom dikwels aangehaal of van hom vertel.

Ons kan hierby voeg dat hy Heatlie as die beste kaptein beskou het wat W.P. of Suid-Afrika ooit gehad het en dat hy erkentlik teenoor sy leermeester gestaan het.

- BRONNE: (1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.
(2) DIFFORD, Ivor D.: *History of South African Rugby Football (1875-1938)*, bl. 706.
(3) *Yskor Nuus*, Oktober 1954, bl. 26 en Januarie 1956, bl. 53.
(4) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby) 1889-1964*, bl. 62.
(5) CRAVEN, dr. D.: *Oubaas Mark*, Julie 1959, bl. 67.

JAPIE KRIGE-STRAAT heet na Jacob Daniël Krige (bygenaamd „Witkoppie”). Hy is op 5 Julie 1879 te Caledon gebore waar sy vader, J. G. J. Krige, toe predikant was. Hy was een van 8 broers van wie ses rugby gespeel het — almal as senter. Op sy geboortedorp het hy die eerste rugby gesien en ook af en toe gespeel. In Julie 1895 het hy Oubaas Mark op Stellenbosch ontmoet toe hy daar aangekom het van Caledon af waar hy suksesvol was in die Matriekeksamen wat destyds ook in die middel van die jaar afgelê is.

In 1896 het die klein Japie dus maar eers op Stellenbosch vir die tweede span rugby begin speel. As 17jarige seun word hy gekies om vir W.P. te speel vir wie hy van 1897 tot 1907 speel — die tydperk toe W.P. geen enkele wedstryd verloor het nie.

Nadat hy die Graad B.A. verwerf het, het hy die Victoria-kollege in 1900 verlaat. Daarna speel hy vir 'n jaar lank vir die Klub Tuine in Kaapstad.

Intussen het hy 'n betrekking in die Departement van Justisie aanvaar. Hy maak die 1906-rugbytoer na Brittanje saam met Paul Roos mee. Na sy terugkeer hervat hy sy werk op Stellenbosch waar hy later assistent-magistraat was. Vervolgens was hy magistraat op Cathcart, Ladybrand (1933) en te Bethlehem. In Junie 1939 het hy afgetree en gaan woon in die Kaap.

Japie Krige, Oubaas Mark se Witkoppie, is bestempel as die „beste agterspeler wat die wêreld nog gesien het”.

Die beroemde Japie Krige het in 1903 en 1906 vir Suid-Afrika gespeel, en sy broer Willie in 1912 — hulle broer, Jan, het vir Engeland gespeel en Timmie wat gereed vir W.P. uitgedraf het, is as baie ongelukkig beskou om nie vir die Springbokspan gekies te gewees het nie.

Krige is op 8 Februarie 1908 op Swellendam getroud met 'n nooie Susanna Uys. Uit die huwelik is vier seuns en twee dogters gebore: Die oudste, J. G. J. (Bokkie) Krige van Pretoria, 'n eertydse S.A.L.M.-eskaderleier en tans inspekteur in die Departement van Vervoer; Arnold, 'n sake-man te Kaapstad; Francois, die kunsskilder; Uys, die bekende digter en skrywer; die dogters Suzanne (mev. Fox), eggenote van 'n Kaapstadse argitek Revel Fox en Mitzi (mev. Exner Bauman), eggenote dr. Wilfred Exner Bauman van Kaapstad.

Japie Krige is oorlede om 3 nm., Saterdag, 14 Januarie 1961, aan sy woning Greenham Villas in Annandalestraat, Tuine, Kaapstad, en uit die N.G. Kerk te Stellenbosch, op Maandagmiddag, 16 Januarie 1961, in die Eikestad begrawe. Sy weduwee woon tans (1969) nog op Nuweland, Kaapstad.

Uit talle verwysings in Uys Krige se werk blyk sy trots op sy vader se sportverlede, terwyl daar vir sy vader se persoon gevoelvolle waardering spreek uit die portret wat Uys van sy toe byna tagtigjarige vader teken in die gedig „Vooraand” uit sy gelyknamige bundel.

„ Die sonlig skuif oor hom, glans silwer op sy kop

'n Honderd beelde van dié man staan in my op:

die Rugbyheld, die groot atleet

van wie se roem my maatjies en die hele wêreld weet;

die sagtheid altyd van dié stil mensliewende man

en toe die jare van my manlikheid my nader,

die groeiende besef in my van sy eensaamheid as mens en vader”.

BRONNE: *S.A. Heldegalerie*, bl. 215: „Rugbyspeler Sonder Weerga”.
Huisgenoot, 8 Aug. 1947: D. C. Dirksen: Japie Krige—„S.A. se beste senter.”

Die Huisgenoot, 22 Mei 1964.

CRAVEN, Danie: (i) *Springboks down the years*.

(ii) *Springbok-annale (Rugby) 1889-1964*.

(iii) *Rugby in Suid-Afrika*.

PARKER, A. C.: *Giants of S.A. Rugby*.

Lantern, Jrg. XVIII Nr. 3, Maart 1969:

Art. oor *Uys Krige* deur M. Nienaber-Luitingh.

By sy Afsterwe

(i) *Die Byvoegsel tot Die Burger*, 21 Jan. 1961.

(ii) *Die Weekblad*, 20 Jan. 1961.

(iii) *Cape Argus*, 14 Jan. 1961.

Plakboeke van mnr. J. G. J. Krige, geraadpleeg aan sy woning te Nicholsonstraat 316, Brooklyn, Pretoria op 21 Junie 1969.

LOUBSERSTRAAT: Die vernoemde, Johannes Albertus Loubser (bygenaamd ‚Bob’), is op 6 Augustus 1884 op die plaas Oortmanspost, naby Klipheувelstasie op die Malmesbury-trajek, gebore. Hy ontvang skoolonderrig op ’n plaasskooltjie, aan die Noorder-Paarl-skool en by die Stellenbosche Hoërskool.

In 1908 behaal hy die ‚Survey Certificate’ aan die Victoria-Kollege,

Stellenbosch. Weens die skaarste aan landmeterswerk bekwaam hy hom as mynopmeter en verwerf die ‚Bevoegdheidsertifikaat as Mynopmeter’ in 1912.

Totdat die Jupitermyn op Germiston in 1913 sluit, werk hy aldaar. Dan tree hy by landmeter Muhl te Rustenburg in diens en werk daarna ook by verskeie ander totdat hy hom in 1915 as landmeter bekwaam.

In 1915 neem hy die praktyk van landmeter Gert Greef op Laingsburg oor totdat hy in 1924 sy eie kantoor te Stellenbosch open waar hy tot sy dood gepraktiseer het.

Van 1934-1948 was hy lid van die Dorperaad en van 1948-1950 president van die Kaapse Landmeterinstituut. Na mnr. Paul Roos se dood word ‚Oom Bob’ die L.V. van Stellenbosch vir die tydperk 1948-1953, en daarna is hy lid van die Kaapse Landraad van 1955-1960.

Oor ‚Mnr. Springbok L.V.’ skryf Oud-president Swart soos volg:

„Vreemd genoeg word Paul Roos opgevolg deur een van sy 1906-span, naamlik daardie byna legendariese vleuel, Bob Loubser wat langs Japie Krige gespeel het. As een van die beroemde Stellenbosse agterlyn wat in daardie Springbokspan heelhuids ingeneem is, het Bob Loubser uitgeblyk as een van die skitterendste vleuels in ons rugbygeskiedenis. Hy was stil en innemend van geaardheid en ’n harde werker. Toesprake het hy nie baie gehou nie, maar alleen oor aangeleenthede waarvan hy op hoogte was (hy was landmeter van beroep) en sy kiesafdeling se belange gepraat. Hy was ook aan albei kante van die Raad ’n gewilde persoonlikheid wat terselfderdy agting ingeboesem het”.¹⁾

Terwyl hy L.V. was, het hy hom veral beywer vir die daarstelling van die Landmeters-registrasiewet, waarvan die plasing op die wetboek dan ook hoofsaaklik aan hom te danke is.

Maar ‚Oom Bob’ soos hy in later jare alom bekend was, was veral die groot rugbyspeler en waarskynlik die grootste regtervleuel wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Tydens die 1903-toer van die Britte in Suid-Afrika het hy reeds vir Suid-Afrika gespeel (op 19 jarige leeftyd). In die derde toets op Nuweland: ‚on the other wing (die ander vleuel was Joe Barry) there is Bob Loubser, the finest wing seen in this country for years, especially if he is next to his club centre, Japie Krige’.²⁾

In 1906 was hy lid van Paul Roos se eerste Springboktoerspan na Groot-Brittanje en speel weer vleuel (sy ander vleuelmaat was Anton Stegman, ook ’n Matie). Op die toer teken Bob 24 punte vir sy span aan.

In die toetswedstryd op Nuweland waar Suid-Afrika die Britte in 1910 pak gee met 21 : 5 ‚there were quite a few „old men” . . . take Bob Loubser, Duggie Morkel, Uncle Dobbin, Klondyke Raaff . . .’²⁾

In 1962 is hy tot Erepresident van die Stellenbosse Rugbyklub verkies.

„Vir diegene wat Oom Bob beter leer ken het, was sy hartlikheid, sy opgeruimdheid, maar veral sy jong hart, kenmerkend.

Met sy lewendige en belangstellende persoonlikheid was hy vir menige

jong landmeter 'n aanmoediging en steun. Die heengaan van hierdie kleurvolle figuur is 'n verlies vir ons professie'.³⁾

Mnr. J. A. Loubser is op 7 Desember 1962 oorlede te Stellenbosch alwaar hy ook begrawe lê. Hier is nog woonagtig sy weduwee, 'n dogter van wyle dr. J. H. Neethling.

- BRONNE: (1) *Rugby in Suid-Afrika* Uitgegee deur Johnston & Neville ten behoeve van die S.A. Rugbyraad.
(2) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.
(3) Die S.A. Opmetingstydskrif The S.A. Survey Journal No. 59, Vol. IX, Deel 7: Desember 1963.

G. J. VAN ECK.

Uit die Geskiedenis van 'n Kerkklok

Op die kerkklok in die toring van die N.G. gemeente, Pretoria-Oos, Kirknessstraat, kan die volgende geles word:

Anno Domini 1887. Gloria in Excelsis Deo. F. Otto in Hemelingen. Die Latynse sinsnede is, soos bekend, 'n aanhaling uit die Bybel en staan in verband met die lofsang van die Engele by die geboorte van Jesus: Ere aan God in die hoogste . . . (Lukas 2:14); waarskynlik 'n gebruiklike inskripsie in 'n kerkklok. Verder is F. Otto waarskynlik die naam van die persoon of firma wat die klok gegiet het en Hemelingen die plek waar dit in 1887 vervaardig is. Hemelingen is 'n plek naby Bremen, Duitsland.

Hierdie toringklok in die Ooskerk is dieselfde as die wat in die toring van die kerk op kerkplein gehang het, d.w.s. die laaste kerk wat op die plein gestaan het. Soos bekend is hierdie kerk in 1888 gebou en die klok, wat, soos hierbo aangedui, in 1887 vervaardig is, moes dus direk uit Duitsland hier aangekom het—blinknuut. Daar in die statige groot kerk op die plein het dit dan gehang en vir ongeveer vyftien jaar sy boodskap uitgebeier in tye van vrede en oorlog, van krisis en besetting.

In 1904 is die kerk gesloop. Die eerste wat neergetrek is, was die toring. Die kunskilder, Pierneef, het by geleentheid aan skrywer hiervan vertel hoe hy staan en kyk het hoe 'n stoomtrekker met 'n kabel aan die spits vas die toring probeer omtrek het. Maar die kabel het gebreek, die toring het daar bly staan „soos die vinger Gods”—dit was sy woorde. Toe die toring tenslotte tog geswig het, het die klok na benede gestort, en in die val 'n bars opgedoen — so altans is gemeen.

Later egter is 'n klok in die Sunnyside-saal van die Pretoria-gemeente benodig. Daar is namelik van tyd tot tyd aldaar kerk gehou — vandaar die noodsaaklikheid van 'n klok. Die ou klok van die Kerkplein-kerk is toe uitgehaal, waar dit ook al opgeberg was—en toe is gevind dat daar geen bars in was nie. Dit het „geklink soos 'n klok” toe daarop geslaan is.

Dit het toe jare lank by die Sunnysidesaal diens gedoen. Hierdie saal het op die hoek van Esselen- en Troyestraat gestaan. Na die afstigting van die gemeente Pretoria-Oos in 1920 het die Sunnyside-saal nog agt jaar as kerk van hierdie gemeente gedien en gedurende die agt jaar het die klok die gemeentedele elke Sondag bymeakaargeroep. Met die bou van die Ooskerk in Kirknessstraat, wat in 1928 klaargekom het, is besluit om die geskiedkundige klok in die toring daarvan te installeer — en tel dit tans nog die ure af en beier dit elke Sondag met dieselfde klanke as in die dae van die Z.A.R.

In die jare dertig het 'n merkwaardige voorval i.v.m. die klok plaasgevind. Soos destyds algemeen die geval was, is die klok deur middel van 'n tou gelui. Die tou het in die toringkamer bo die ingang van die kerk gehang, 'n kamer waartoe toegang vanuit die gallery verleen is. Tydens een oujaarsnagdiens het die waarnemende koster, Mnr. Basson, daar in die toringkamer aan 'n hartaanval gesterf terwyl hy die nuwe jaar ingelui het. Niemand het onraad gemerk nie en sy lyk is eers 'n paar dae later gevind.

Die voorval het, soos dit maar gaan, 'n groot indruk gemaak, en toe maar weer vergete geraak. Toe egter 'n tyd later verbygangers en omwonendes vertel van eienardige spookgeluide wat gedurende die nag uit die toring gehoor word, is die voorval weer in herinnering geroep. Bygelowige mense het dadelik aan spokery gedink.

Twee dapper verslaggewers van 'n bekende koerant het egter besluit om ondersoek te gaan instel, en hulle het gevind dat die geluide afkomstig was van uile wat in die toring geslaap het. Dit het die saak opgelos, maar die kort beriggie in die koerant het die aandag van die kerkraad getrek. Die betrokke kommissie het dadelik die moontlikheid van 'n herhaling van die tragedie onder die oë gesien en ondersoek ingestel na die moontlikheid om 'n elektriese motor te installeer vir die lui van die klok. Dit was op daardie stadium te duur. Toe het hulle die koster gevra of hy nog in staat voel om voort te gaan met die kloktou te trek. Die antwoord was geruststellend. Hy het nog goed gevoel en het belowe om dadelik kennis te gee as hy onraad aan sy hart merk. Later is die elektriese installasie wel aangebring.

By die voltooiing van die Pretoria-Ooskerk was daar nog geen toringhorlosie aangekoop nie. Hoewel 'n fonds vir die aankoop daarvan gestig is, het die horlosie jaar na jaar agterweë gebly, net die ronde holtes het in die vier windrigtings gestaar. Eers in 1959 is daar eindelijk 'n horlosie aangeskaf wat natuurlik sedert dien die ure en halfure op die klok aftel. Op oujaarsnag 1959 is die horlosie in gebruik geneem en sy eerste slag was die twaalf slae wat die aanbreek van 'n nuwe jaar aangekondig het.

Gloria in Excelsis Deo—Hoe min van ons weet dus dat die klok wat die gemeente van Pretoria-Oos oproep *tot eer van God*, en wat die ure aftel om ons aan die verganklikheid van die lewe te herinner, dieselfde gedoen het in die dae van president Paul Kruger en ds. H. S. Bosman.

F. J. du T. Spies.